# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 9:00**

## *GOD IS VIR ALTYD VIR ONS 'N TOEVLUG*

**Skriflesing:** Psalm 46:1-12
(2 Kon 18,19; 2 Kron 32;
Jes 36,37)

**Teksvers:** Ps 46:2-4,11-12

**Sing**:
Ps 111-2:1-4
Ps 38-1:1,17
Ps 46-1:1,6
Sb 14-1:1,3
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:** Eric Guldemond
**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

God was nog altyd 'n toevlug. Dit beteken God was nog altyd dié een na wie toe ons gevlug het, met al ons nood, hartseer en blydskap. Die agtergrond is waarskynlik die verlossing van die stad Jerusalem toe die wrede Assiriërs die stad in die tyd van koning Hiskia wou inneem. Die Assiriërs was 'n baie wrede nasie wat verskriklike dinge gedoen het met die gevangenes en stede wat hulle oorwin het. Vandag het ons ook met 'n verskriklike werklikheid van die Corona-Virus te doen. Die algehele inperking *"lock down"* waaraan die hele land onderworpe is, met die dreigende siek word van baie mens, is 'n werklikheid. Maar juis in hierdie tyd is ons as Christene nie bang nie want God se genade en liefde is onmeetlik groot.

Ons gaan na drie sake kyk:

- God is ons toevlug en beskerming.
- God is die rede vir groot dankbaarheid en blydskap.
- God is ons God wat altyd geëer word.

**SONDAGAAND 18:00**

## God se bewarende hand leer sy kind om erkenning te gee vir al die seën wat ontvang word

**Skriflesing:** Ps 18

**Teksvers:** Ps 18

**Sing**:
Ps 18:1,2
Ps 18: 14
Ps 118:7.14
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:** Eric Guldemond
**Prediker**: Ds Christo Swanepoel

1. Die gevare waaruit Dawid verlos is.
2. Die lesse wat Dawid geleer het.
3. Die seëninge wat Dawid geniet het.
4. Die erkenning wat Dawid vir alles gee.

*"Met u hulp loop ek 'n oormag storm, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie."* Ps 18:30



# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**
**Jaargang 45 Nr 11 29 Maart 2020**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Oggenddiens: 9:00
Aanddiens: 18:00

Telefoon: 012 664 2614
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

---

U word versoek om mee te doen aan die elektroniese dienste deur in te skakel, hetsy luister of te kyk. Die skakels is op ons webwerf by :

**http://gkcenturion.co.za/**

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:** Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

## VERJAARSDAE

*"..U sorg vir my." Ps 16:5*

**BELYDENDE LIDMATE**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 29 Mrt | Werni | Grünenfelder | C15 | 27714910797 |
| 30 Mrt | Magriet | Roos | C11 | 664 1705 |
| | Kobus | Strydom | A03 | 27828711695 |
| | Sophia | Theunissen | B07 | 27823782950 |
| 31 Mrt | Rene | Erasmus | C05 | 27828217381 |
| | Johan | Kruger | B12 | 27824617405 |
| | Elsie | Kruger | C06 | 27828262752 |
| | Johann | Nöthling | A11 | 27626785094 |
| | Dario | Schoulund | E01 | 27822998947 |
| 01-Apr | Gerrit | Kruger | B07 | 27829645595 |
| | George | Ramaremisa | E01 | 27836405949 |
| | Elize | vd Berg | A01 | 27829245178 |
| 02-Apr | Attie | Pretorius | A06 | 27829663221 |
| 03-Apr | Ronel | Erasmus | B05 | 27827518770 |
| | Theuns | Louw | C10 | 27828154272 |
| | Gerda | Pieters | C07 | 27828798423 |
| | Luzaan | v Heerden | B02 | 27828112988 |
| | Adrian | v Niekerk | A09 | 27614274133 |

**DOOPLIDMATE**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 29 Mrt | Delia | Cloete | A08 | 27825625296 |
| | Neels | Kruger | A09 | 27820811030 |
| 30 Mrt | Dawid | du Plessis | A08 | 27836552009 |
| | Stiaan | Fourie | C05 | 27834066414 |
| 01-Apr | Ayden | Kenworthy | B13 | 27795215830 |
| 02-Apr | Amelia | Jordaan | C09 | 27722278645 |
| 04-Apr | Bernard | Maritz | A01 | 27833483056 |

## Twee studente verwerf Diploma in Teologie by Mukhanyo Teologiese Skool

Twee studente van die Centurion– en Tembisa afstand studiegroepe het op 7 Maart 2020 hulle diplomas in Teologie by die gradeplegtigheid te Mukhanyo ontvang. Carl Pohl en Philemon Moshia het hulle kwalifikasies behaal na ses jaar se deeltydse studie. Samuel Mofokeng, ook van Tembisa, het 'n sertifikaat van bywoning ontvang. Nie net is hierdie behaling 'n mylpaal vir die Mukhanyo projek nie, maar dit baan die weg vir verdere diplomering in 2021 waar ten minste twee van ons studente, DV hulle studies sal voltooi. **Sola Gracia.**

Hierdie gradeplegtigheid was 'n landmerk geleentheid vir Mukhanyo Teologiese Kollege, aangesien 'n rekord getal van 91 studente hulle diplomas en grade ontvang het. Daar is tans meer as 'n duisend studente wat by 75 afstandsonderrig groepe regoor Suid- en Suider Afrika studeer. Mukhanyo beteken "*laat die Lig van die Blye Boodskap skyn"* en daarom was die boodskap van die Rektor, Dr. Braam de Vries, by die gradeplegtigheid baie toepaslik uit 1 Kor. 15:58: " …. *Wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie".*

**Soli Deo Gloria**

---

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid. (664-0685) centurionflorist@discovery mail.co.za.

**Hoop & Help** Pastorale en Life Coaching berading, gratis, skakel Esther du Plessis by 0718682257.

**Finansiële Rekenmeester dame soek werk** (15jr ervaring). Besig met Professionele Rekenmeester registrasie by SAIPA. Kontak Karin 079 881 3343/ karingebhardt83@gmail.com.

**Bouplanne**—Skakel Tertius Horak by 082 925 6015 vir enige argitek werk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en gebouplanne insluitend Stadsraad goedkeurings.

**Dringend op soek na werk vanaf** huis. Ek het al die nodige rekenaarprogramme en ek doen enige tipe tikwerk, vertalings en proefleeswerk. Rina Burger 0828538215 of e-pos rina.burger@vodamail.co.za.



## *Ons gee om vir Mekaar*

*"Julle moet julle dus nie bekommer ..." Matt 6:31*

- Meelewing word betuig met:
  - Amanda Swanepoel, Elesa Dreyer, familie en vriende na die afsterwe van Frances Dreyer wat gedurende die week begrawe is.
  - Daniël en Karen Rebel, en familie. Daniël se broer is gedurende die week oorlede.

***Al ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

**JUVENTUS BYBELSTUDIE:** Fred Reyneke 083 255 9900.

**JUVENTUS+ (JONG WERKENDES) -GROEP** Karin Venter 084 304 7881.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za).**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com.

---

## KOLLEKTES

Kollektes word nog steeds in banke/deure opgeneem vir diegene wat nie Zapper gebruik nie

**Plaas asb u bydraekoevertjies in die konsistorie se kluis**

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Sustentasie